# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

**<u>Sondag 11/8</u>**

**09:30 Erediens :**

**Ds. Annamarie De La Harpe**

Deuroffer: Inst.vir Dowes

.

**<u>Nagmaal</u>**

***11 Augustus Nagmaal skuif*** *na*
***25 Augusuts.***

**<u>Sondag18/8</u>**

**09:30 Erediens/ Kategese**

Deuroffer: VCSV

Diensbeurt: Bergwyk

**<u>Sondag 25/8</u>**

**BYBELSONDAG**

09:30 Nagmaal / Kategese

Deuroffer: Kospakkie projek

Diensbeurt: Crassula

Overberg Hoërskool.
Die laaste twee weke beleef ons in ons skool en gemeenskap 'n positiewe gesindheid van eenheid.Hartseer gebeure kan dit skade berokken en daarom ondersteun ons mekaar opnuut. Ons as gemeente dra ons kinders,ouers en skool aan ons Here op in die moeilike tyd.
Ons is dankbaar vir die gemeenskap se versorging deur WKOD en DSD se Maatskaplikewerkers en sielkundige dienste.
In die tyd wys ons liefde aan mekaar deur eensgesind te wees in woord, daad en gees.
Ons dra ons geliefdes in pyn aan God op.




Geseënde Vrouedag word alle vroue toegewens!
"Wie 'n goeie vrou het, het iemand wat baie kosbaar is. Sy is baie meer werd as die duurste juwele.
... 'n vrou wat die Here dien en Hom respekteer, dit is vir háár wat ons wil prys."
(Spreuke 31 uit Die Boodskap en Die Bybel vir almal

<u>Gebed vir vrou</u>

Here, maak haar ''n vrou na u eie Hart.
Beklee haar met U krag en wyshied.
Mag sy vol liefde en medelye wees.
Laat alles wat sy doen, eer en heerlikheid aan U bring.
Amen

# Kruip weg op die regte Plek

Lees Psalm 31:1-14.

***By U, Here, skuil ek* (v 1).**

"My vrou is 'n engel," sê iemand. "Jy is gelukkig," mymer die ander ou, "myne leef nog!" Eina! Die goeie nuus is dat jy soms gelowiges raakloop wat jou laat voel asof jy regtig in die teenwoordigheid van engele is. Hulle lewe straal daardie ietsie ekstra uit wat jy in jou eie lewe misloop, 'n spesiale weerkaatsing van God se groot krag. Dit is dus nie verrassend dat mense wat naby aan God leef groot vrede beleef nie. Hulle is deurentyd ook tot groot seën vir ander rondom hulle.

Wat is hierdie mense se geheim? Psalm 31 sê dit is omdat hulle by die Here skuil. Gelowiges wat heeltyd binne God se wil leef en by Hom skuil, het die wete dat God hulle omring en hulle seën. Wanneer jy doen wat God vra, is jy inderwaarheid klaar 'n geseënde. Dan is jy in die sentrum van sy wil. Dan is jy waar God jou kan aanraak met sy liefde en sy goedheid. Dan kan Hy jou gebruik as 'n lig vir die wêreld rondom jou. Dan trap jy regtig nie langer 'n paar nuttelose sandspore nie, maar spore op rots. Dan het jou woorde en dade 'n blywende impak op ander mense se lewe. Dan is jy ook besig om die regte erfporsie aan almal rondom jou na te laat, naamlik 'n pad met 'n eindbestemming waarop jou eie voetspore in rots afgedruk is! Dit alles net omdat jy kies om elke dag by God weg te kruip.

**Christus my Here, ek kruip by U weg.**

Stephan Joubert

## Voorbidding

HELENE ROSSOUW (WABOOMSKLOOF)

AP ERASMUS (SENTRALE)

LOHETTE DE WET (FREESIA)

RIETTE STEYN (DE KUIL)

ONS DINK AAN FAMILIE EN VRIENDE VAN HELGA DE KOCK (KERKSTRAAT) MET HAAR AFSTERWE.

## Baie geluk

| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Esné | Coetzee | 08/09 | 27726955128 |
| Chris | Fourie | 08/09 | 27729696753 |
| Willie | Hanekom | 08/09 | 27814833924 |
| Nicolas | De Bruyn | 08/10 | |
| Jandre | Human | 08/10 | 27790574509 |
| Anneli | Swart | 08/10 | 27829798012 |
| Ilze | Van Niekerk | 08/10 | 27835616130 |
| Monique | Germishuys | 08/11 | 27719046359 |
| Renaldo | Wessels | 08/11 | 27734965058 |
| Freddie | Colyn | 08/12 | 27788177875 |
| Sion | Slabbert | 08/12 | |
| Ean | Barkhuizen | 08/14 | |
| Martin | Eksteen | 08/14 | 27823754634 |
| Doreen | Smal | 08/15 | 27829504551 |
| Poenie | De Kock | 08/17 | 27824167947 |
| Mia | Meyer | 08/17 | |
| Lee-Roy | Bester | 08/18 | 27765090708 |
| Dawie | Crous | 08/18 | 27825776948 |
| Marzel | Kershoff | 08/18 | |
| Marlene | Van Der Merwe | 08/18 | 27637330740 |

Moet nie hierdie geleenthede mis nie!









19 e… Julie

Jeu… eug).
…g

3
Lofprys: Louis Britz 22 Aug

4
Gr.4-6 Kamp
30 Aug – 1 Sept

5
Huweliksviering
13-15 Sept

6
Matrieksafskeid
19Sept

7
Gr.7 Kamp
23-27 Sept

8
Veeveilling
26 Sept




<u>Gemeenskapgeleenthede:</u>

Dienssentrum Basaar – 3 Aug
Kleuterskool manneaand – 16 Aug

# Tyd spandering

## DOOPVIERING

### Handjies in klei

Sondag 15 September, direk na kerk, bied ons weer 'n geleentheid vir kinders om hulle handjies in klei af te druk teen R80/Teëltjie.
Skakel gerus die Kerkkantoor om jou plekkie te bespreek.



## matriek 2024

Ons benodig asb items vir ons matriekboksies. (20 van elke item)
Kontant bydrae kan ook gemaak word.
Baie dankie dat ons altyd op julle kan staatmaak.
(Kan afgegee word by Kerkkantoor.)



**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan